

Seldsame Papiernote, Goedvore en Bewysstukke van die Oranje-Vrystaat in die Versameling van die Nasionale Museum

deur

A. C. HOFFMAN, D.Sc., D.Phil.

Met 3 teksfigure.

Gedurende die jare 1860 en 1880 het dit blykbaar taamlik bedroefd gegaan met die geldwese van die Republiek van die Oranje-Vrystaat. Bewys hiervan lê te vinde in die feit dat geen klinke munt beskikbaar was nie en dat Staat, banke en selfs privaat firmas bewysstukke en goedvore aan hulle kliënte uitgereik het.

Gedurende die dienstermyn van Staats-President J. H. Brand is op besluit van die Volksraad herhaaldelik papiergeld vir groot bedrae in omloop gebring „onder verband van alle onroerende Gouvernements eigendommen” en later, “onder eerste verband van vast eiendom van dubbel het bedrag.”

A. STAATSNOTE VAN DIE ORANJE VRYSTAAT.

Nas. Mus. Kat. No. 42.

No. van noot 19640. Waarde £1. Kleur van papier Grys Blou. Afmetings van noot 7-9/10de x 4-9/10de duim.

Heel bo die woorde **ORANJE VRYSTAAT**. Reg onder en in die middel is die groot Vrystaatse wapen met al die woorde **Vryheid, Geduld en Moed** en **Immigratie**. Aan die regterkant van die boomstam is die leeu in lêende posisie, terwyl aan die linkerkant drie skape is, twee wat staan en een wat lê. Reg onder is die tentwa.

Aan weerskante van die wapen verskyn:—

Bo links: No. 19640 (in ink).

Bo regs EEN POND Sterling.

Onder links: £1 Stg.

Onder regs: No. 19640 (in ink).

In die middel weerskante van wapen die volgende teks:-

“Volgens Besluit van den Hoog-Ed. Volksraad van 10 Maart, 1865, waarbij dit Gouvernements papier tot een bedrag van Dertig Duizend Pond Sterling wordt uitgegeven onder verband van alle onroerende Gouvernements eigendommen heeft hetzelve eene gedwongene koers voor tien jaar van af 15 April, 1865, en zal na verloop van dien tijd jaarliks tot een bedrag van Zes Duizend Pond Sterling vernietigd worden.”

Onder aan die noot verskyn dan:-

Eerste lyn: Bloemfontein, 27 July (in ink) 1865.

Tweede lyn: Geboekt J. H. Brand (in ink) Staatspresident.

Derde lyn: J. Heyermans (in ink) Auditeurgeneraal.

Laaste lyn: J. C. Nielen Marais (in ink) Tresoriergeneraal.


Die agtersy is heeltemal blank.

Op die noot verskyn nergens die naam van ’n drukkersfirma nie, sodat die serie in alle waar-synlikheid plaaslik deur die staat self gedruk is.

ORANJE VRYSTAAT.

No. 19640

Volgens Besluit van den Hoog-Ed. Volksraad van tot een bedrag van Dertig Duizend Pond Sterling Gouvernements eigendommen heeft hetzake een 1865, en zal na verloop van dien tijd Pond Sterling



EEN POND STERLING.

10 Maart, 1865, waarbij dit Gouvernements papier wordt uitgegeven onder verband van alle onroerende gedwongene koers voor tien jaar van af 15 April, jaarlijks tot een bedrag van Zes Duizend vernietigd worden.

£1 Stg.

No. 19640

Bekeerd

Blaerfontein
Blaerfontein
Bladenfontein
Museum

27 July 1865

Volksraad.

Staatspresident

C. F. ...
Treasuriersgeneraal

TEKSTFIGUUR 1. Afdruk van die oudste pondnoot in die versameling. Ware grootte.

Die President was nie tevrede met hierdie blou note nie omdat die papier so swak was. Op sy aandrang is die hele serie verbrand en beter note is toe deur 'n Londonse firma gedruk. Hierdie blou note is dus uiters skaars. Daar bestaan waarskynlik nog net 'n paar.

Op 12/5/1881 is ons eksemplaar aan die Nasionale Museum geskenk. Dit is volgens die datum van ondertekening (27 July, 1865) die oudste Staatsnoot in ons versameling.

Nas. Mus. Kat. No. 45.

No. van noot 5689. Waarde £5.

Kleur van papier Wit. Afmetings van noot 8 x 4-9/10de duim.

Heelbo links en regs: £5. Onmiddellik daaronder ook links en regs No. 5689 (in ink). In die middel bo: **ORANJEVRIJSTAAT** (een woord). Die Staatswapen neem die middelste gedeelte van die noot in beslag en rus op twee gekruisde vlae van die Vrystaat.

Hierdie wapen verskil aansienlik van die een op voorafgaande noot. Die leeu is hier in 'n staande posisie met stert regop in die lug. Links van die boomstam staan net twee skape. Die wa is sonder tent en die woorde **Vryheid** en **Immigratie** is weggelaat.

Die volgende teks verskyn weerskante van die wapen:-

"Volgens Besluit van den H. Ed. Volksraad van 11 Junij, 1866, waarbij dit Gouvernementspapier tot een bedrag van Zes en Vijftig Duizend Zeven Honderd en Twintig Pon-

den Sterling wordt uitgegeven onder eerste verband van vast eigendom van dubbel het bedrag, heeft hetzelfde eene gedwongene koers van vijf jaren van af 15 Junij, 1866, en zal na verloop van dien tijd jaarliks tot een bedrag van Tien Duizend Ponden Sterling vernietigd worden.”

Daaronder verskyn ook aan weerskante van die wapen: **Vijf Pond Sterling**. Die noot is onderteken te Bloemfontein op 26 November, 1866, deur **J. H. Brand**, Staatspresident en deur **C. de Jongh Bloem**, Tresoriergeneraal. Dit is Geboekt deur **Jno. Chanquion** maar die handtekening van die Auditeurgeneraal verskyn nie hierop nie.

Die agtersy van die noot is blank. Dit is aan die Nasionale Museum geskenk in Junie 1893 deur Dr. John N. Eagle van Philippolis.

Volgens besluit van die Volksraad (V.V.R., 1883, Deel V, P.R. 406) is hierdie serie terwaarde van £56720 uit sirkulasie teruggetrek en alles verbrand. Ons noot is waarskynlik die enigste wat bewaar gebly het.

Nas. Mus. Kat. No. 44.

Noot No. 11982. Waarde £1. Kleur van papier — oranje. Grootte: $8\frac{1}{2} \times 4\frac{3}{4}$ duim.

Voorsy — Plaat met ornamentele rand. Links en regs op 'n rooi ornament is die nommer van die noot in swart letters. Die woorde **ORANJE** en **VRYSTAAT** word van mekaar geskei deur 'n ornamenteel omringde wapen van die staat. Die wapen bevat die woorde: Bo dwarsdeur die boom, **Vrijheid**; in die middel onder die diere, **Geduld en moed**; onder die wa, **Immegratie**. Hierdie wapen verskil van die erkende Vrystaatse wapen in so ver dat die boom, diere en wa nie deur 'n sirkel omsluit is nie. Die woorde **£1**, **Een Pond Sterling** en **Een Pond** is aan weerskante reg onder die rooi ornament ook ornamenteel omsluit.

Onder aan die noot is 'n rooi plaat, $1\frac{1}{8}$ duim breed. Hierop is gedruk: **BLOEMFONTEIN** waaragter met ink ingevul is, 4 July 1868; dan volg in die tweede lyn **GEBOEKT** (links) en **STAATS PRESIDENT** (regs). Voor laasgenoemde is die handtekening van **J. H. Brand**.

In die derde lyn verskyn links **Auditeur Generaal**. Die handtekening wat hiervoor verskyn is die van **H. Sybouts**. Regs is die woorde, **Tresorier Generaal** en hiervoor is die handtekening van **C. de Jongh Bloem**.

Die middelste gedeelte van die noot word gevul deur die volgende woorde:-

“Volgens Besluit van den Hoog-Ed. Volksraad van 10 Maart, 1865, en 27 Februariej, 1866, waarbij dit Gouvernements papier tot een bedrag van Dertig Duizend Pond Sterling word uitgegeven onder verband van alle onroerende Gouvernements eigendommen heeft hetzelfde eene gedwongene koers voor tien jaar van af 15 April, 1865, en zal na verloop van dien tijd jaarliks tot een bedrag van Zes Duizend Pond Sterling vernietigd worden.”

Volgens notule van die Volksraad (V.V.R., 1883, Deel V, P.R. 406) is hierdie hele serie van £30,000 verbrand.

Ten spyte van genoemde notule het daar nog 'n hoeveelheid van die note oorgebly soos blyk uit die feit dat in die Nasionale Museum nog twee note van hierdie serie is.

Hierdie note was gedruk deur die firma **William Brown & Co.** van London.

Agtersy — Blank. Geskenk aan die Nasionale Museum op 25 Junie, 1912, deur 'n onbekende persoon.

Nas. Mus. Kat. No. 3095.

Noot No. 13184. Waarde £1.

Behoort aan dieselfde serie as voorafgaande, maar is uitgereik op 10 Augustus, 1868. Dwarsoor die voorsy van die noot staan die volgende woorde in dik swart ink geskryf:-

“Buiten Circulatie betaald 24 Sepr 1866. Zie Cheque No. P.I.R. de Villiers. Thes. Genl.”

Op die agtersy van die noot verskyn die stempel van “**Paul Stecker & Co., General Merchants & Produce Buyers, Winburg, Orange Free State.**”

Geskenk aan die Nasionale Museum op 29/IX/1937 deur Publieke Werke Departement. Die noot is gevind onder die hoeksteen van die ou Poskantoor in Bloemfontein.

Nas. Mus. Kat. No. 2614.

Noot No. 23373. Waarde £1.

Hoewel die voorsy van hierdie noot in elke opsig ooreenstem met die voorafgaande twee, behoort dit tot 'n geheel ander serie soos blyk uit die teks op die gesigsy.

“Volgens Besluit van den Hoog-Ed. Volksraad van 11 Juny, 1866, waarbij dit Gouvernements papier tot een bedrag van Een Honderd Duizend Pond Sterling wordt uitgegeven onder verband van alle onroerende Gouvernements eigendommen in Witzieshoek en in het veroverde grondgebied en onder eerste verband van vaste eigendommen heeft hetzelfde eene gedwongene koers van Vyf jaar van af 11 Juny, 1866, en zal na verloop van dien tijd jaarliks tot een bedrag van Tien Duizend Pond Sterlg. vernietigd worden.”

Deur Staats President J. H. Brand onderteken op 23 Mei. 1868.

Met die uitreiking van die vorige serie is alle „Gouvernements eigendommen” onder verband geplaas, maar met die uitreiking van die serie van „11 Juny, 1866” is slegs „Witzieshoek en het veroverde grondgebied” onder verband geplaas.

Behalwe die reeds genoemde verskille in die wapens wat op die verskillende uitgawes verskyn, is daar nog die volgende merkbare verskille:—

(1) Op vier van die note verskyn die naam **Oranje Vrystaat** as twee aparte woorde terwyl dit op die uitgawe van 26 November, 1866, Noot No. 5689, as een woord verskyn.

(2) Op noot No. 5689 word Vrystaat met 'n IJ geskryf terwyl dit op die ander note met 'n Y verskyn.

(3) Op al die note word die y deurgaans as ij aangegee soos Februarij, Junij, tijd, maar op noot No. 23373 verskyn Juny en Vyf sonder die umlaut.

(4) Op al die note verskyn soveel „Duizend Pond Sterling” terwyl op noot No. 5689 die woord **Pondem** verskyn.

(5) Op note Nos. 19640 en 5689 word Staatspresident, Tresouriergeneraal en Auditeurgeneraal aanmekaar geskryf terwyl op die ander note Staats President, Tresorier Generaal en Auditeur Generaal verskyn.

B. DRIE NOTE UITGEREIK DEUR DIE BLOEMFONTEIN BANK IN 1874.

Nas. Mus. Kat. 123.

No. van Noot 0686. Waarde £10. Kleur van papier — Wit, maar van drukkersink Blou. Links en regs bo verskyn die nommer van die noot. Daartussen en halfmaanvormig die naam **Bloemfontein Bank**. Reg onder die naam is die Vrystaatse wapen, wat egter totaal verkeerd weer-gegee is. Die wa ontbreek, so ook die woord **Immigratie** en die boom en diere is nie deur 'n sirkel omsluit nie. Links van die wapen en skuins opwaarts is die woord **Oranje**, en regs van die wapen en skuins afwaarts is die woord **Vrystaat**.

Reg onder die nommer aan die linkerkant verskyn £10 omring deur die woorde **Tien pondem Sterling**. Aan die regterkant is die £10 omring deur die woorde **Ten pounds Sterling**.

Dwarsoor die middel van die noot en in twee lyne staan:—

“We promise to pay the Bearer on Demand at our Office here, Ten Pounds Stg. value received.” Links en regs en net onder daarvan £Tien en £Ten respektiewelik en hiertussen verskyn **Bloemfontein, Orange Free State**. Dan volg “The 20 (ink) th day of Dec. (ink) 1874” (74 in ink). Links onder Entd., daarna die handtekening van **Geo. A. White**, die Kassier. Regs onder **Directors** met die handtekeninge van die volgende persone: **Geo. Home; M. Steyn en James Goodale**.

Die agtersy van die noot is blank. Afmetings: 8 2/5 x 5 1/5 duim.

Nas. Mus. Kat. No. 124.

Nommer van noot 2800. Waarde £5.

Behalwe vir die verskil in waarde lyk die noot presies op voorafgaande. Hoewel die noot reeds erg verbleek is, kan nog gesien word dat die kleur van die drukkersink pers was. Die datum van uitgawe is **May, 1874** en dieselfde drie direkteure as op voorafgaande noot het geteken.

Nas. Mus. Kat. No. 125.

Nommer van noot 6968. Waarde £1.

In alle opsigte dieselfde as twee voorafgaande note behalwe: Drukkersink is hier bruin. Waarde is £1. Datum van uitgawe is **16 May, 1874.**

Die volgende direkteure het geteken: **Geo. A. Palmer, Alfred Barlow** en **I. Baumann.** As Kassier het **Geo. A. White** geteken.

Skuins oor die gesigsy van al drie die note en in dik blou ink is gedruk: **Cancelled for the National Bank of the Orange Free State Limited.**

C. EEN NOOT UITGEREIK DEUR DE NATIONALE BANK IN 1886.**Nas. Mus. Kat. No. 3096.**

Nommer van noot 14707. Waarde £1. Kleur van Papier — Wit. Grootte van noot 8 1/10 x 4 2/5 duim.

Die Vrystaatse wapen ontbreek op hierdie noot. Bo links is die nommer 14707 en regs £1, daartussen die woorde „De Nationale Bank van den Oranje Vrystaat Beperkt.” Hieronder die woorde „Wy belooven te betalen aan den houder op aanvraag ten kantore alhier EEN POND STERLING waarde genoten” en daaronder „Bloemfontein O.V. Staat den 25 dag van Mei 1886.”

Links in die middel „EEN POND STERLING” en regs „ONE POUND STERLING.”

„As Directeuren” het geteken, **G. A. Fichardt** en **W. D. Pinder.**

Onder in die linkerhoek £1 en in die regter die nommer 14707. Die laaste lyn heelonder: „Geboekt . . **C. J. Tate** . . Hoofd Bestuurder.

Hierdie noot is gedruk deur die firma William Brown & Co. van London. Agtersy — Blank.

Hierdie noot is ook gevind onder die hoeksteen van die ou poskantoor in Bloemfontein en is aan die Nasionale Museum geskenk op 29/9/1937 deur die Departement van Publieke Werke.

D. UNIEKE TJEK UITGEREIK AAN PRESIDENT J. H. BRAND.**Nas. Mus. Kat. No. 122.**

Waarde £2500. Die tjek is van wit sy en die kleur van die drukkingsink is bruin.

Die volgende verskyn op die voorsy:—

„No. 793. Bloemfontein 9 Mei 1884.

De Nationale Bank van den Oranjevrijstaat, Beperkt.

Bloemfontein,

gelieve te betalen aan Zijn Hoog Edele den Staatspresident, J. H. BRAND, of order, de Somma van TWEE DUIZEND VIJF HONDERD PONDEN Sterling.

£2500 Stg.

(Handtekening van): A. P. GERSTEL.

Thesourier-Generaal O.V.S.”

Links bo is twee gekanselleerde halfpennie-posseëls van die „Oranje Vrij Staat” opgeplak. Regs bo is die stempel van die bank wat aandui dat die tjek op „12 May, 1884” uitbetaal is.

Op die agtersy verskyn die handtekening van President J. H. Brand.

Die grootte van die tjek is 7 4/5 x 5 1/2 duim. Die tjek was aan die president oorhandig in 'n goudkleurige koevert van 8 1/5 x 6 1/5 duim.

Die bedrag van £2500 is 'n geskenk van die Staat aan die President vir sy goeie dienste.

Die voorwerp is aan die Nasionale Museum geskenk deur Mevr. J. H. Brand.

E. „POST NOOTEN” VAN DIE „ORANJE VRYSTAAT.”

Die Nasionale Museum beskik oor 22 posnote van verskillende waardes: **4 van 1/-; 4 van 1/6; 4 van 2/6; 2 van 5/-; 2 van 7/6; 1 van 10/-; 1 van 12/6; 1 van 15/-; 1 van 17/6 en 2 van £1.**



No. [REDACTED]

Bloemfontein, 9 Mei 1884.



De Nasionale Bank van den Oranjerijstaat, Republiek,
BLOEMFONTEIN,

gelieve te betalen aan Zijn Hoog Edele den
Staatspresident, J. H. BRAND, of order,
de Somma van TWEE DUIZEND VIJF HON-
DERD PONDEN Sterling.

£ [REDACTED]

[Handwritten signature]

Thesaurier-Generaal O.V.S.

TEKSTFIGUUR 2. Die unieke President Brand tjek. Ware grootte.

Al die note is presies eenders behalwe dat die drukkersink verskillend van kleur is op note van verskillende waarde.

Blykbaar het die poskantoor ook sy eie vorm van die Vrystaatse wapen ontwerp, want hierdie wapen verskil in baie opsigte van die wat op die banknote verskyn.

Die „Commissie Loon” was een pennie tot 'n bedrag van 5/-. Daarna twee pennies tot 'n bedrag van 10/- en drie pennies tot 'n bedrag van £1.

Dit is nie duidelik of die poskantoor enige posnote voor 1898 uitgegee het nie, want ons note dra almal die stempel van die jare 1898 en 1899, dit wil sê tot en met die uitbreek van die Anglo-Boere Oorlog.

Die volgende ongebruikte note is in 1944 deur die Departement van Binnelandse Sake aan die museum geskenk:—

Nas. Mus. Kat. No. 3204.	Waarde 1/-	No van Noot A/1 06205.
Nas. Mus. Kat. No. 3205.	Waarde 1/6	No. van Noot A/1 05110.
Nas. Mus. Kat. No. 3206.	Waarde 2/6	No. van Noot A/1 03917.
Nas. Mus. Kat. No. 3207.	Waarde 12/6	No. van Noot A/1 00932.
Nas. Mus. Kat. No. 3208.	Waarde £1	No. van Noot A/1 15223.

Deur Mnr. M. Levisseur is die volgende ongebruikte note geskenk:—

Nas. Mus. Kat. No. 3054.	Waarde 1/-	No. van Noot A/1 03547.
Nas. Mus. Kat. No. 3055.	Waarde 1/6	No. van Noot A/1 02869.
Nas. Mus. Kat. No. 3056.	Waarde 2/6	No. van Noot A/1 01692.
Nas. Mus. Kat. No. 3057.	Waarde 5/-	No. van Noot A/1 03196.
Nas. Mus. Kat. No. 3058.	Waarde 10/-	No. van Noot A/1 07812.
Nas. Mus. Kat. No. 3059.	Waarde £1	No. van Noot A/1 13007.

Deur Mnr. T. M. Coetzee, posmeester te Bloemfontein, is die volgende drie ongebruikte note in 1937 geskenk:—

Nas. Mus. Kat. No. 3097.	Waarde 1/6	No. van Noot A/1 04560.
Nas. Mus. Kat. No. 3098.	Waarde 2/6	No. van Noot A/1 05392.
Nas. Mus. Kat. No. 3099.	Waarde 7/6	No. van Noot A/1 01058.

Die enigste posnote in ons versameling wat werklik uitgereik is, is die volgende:—

Nas. Mus. Kat. No. 1670.

Waarde 1/-. Nommer van noot A/1 00151.

Uitgereik te Boshof op 3 Julie, 1899. Betaalbaar aan W. & C. Gowie „aan het Postwissel Kantoor te” „Grahamstown.”

Die handtekening vir die posmeester is **D. C. Pautt**.

Uitbetaal te „Grahamstown” op 9 Julie 1899 en „Bovenstaande Som” is „ontvangen” deur **W. & C. Gowie**.

Geskenk aan die museum deur F. J. Mosley op 25 September, 1934.

Nas. Mus. Kat. No. 3047.

Waarde 1/-. Nommer van noot. A/1 00964. Spesiale nommer van uitreikingskantoor PO/1977/34.

Uitgereik te Winburg op 3 Maart 1898. Handtekening vir posmeester **R. Pacton**. Uitbetaalbaar te Kaapstad aan **M. Archen**.

Uitbetaal te Kaapstad op 8 Maart 1898.

Geskenk aan die museum deur T. M. Coetzee, posmeester van Bloemfontein op 20 Julie, 1934.

Nas. Mus. Kat. No. 3048.

Waarde 2/6. Nommer van noot A/1 00/271. Spesiale nommer van uitreikingskantoor PO/1977/34.

Uitgereik te Heilbron op 14 Maart 1898. Handtekening vir posmeester **W. Elliot**. Uitbetaalbaar te „Grahamstown” aan ’n firma Gunsell & Messey. Uitbetaal te „Grahamstown” op 18 Maart 1898. Handtekening van ontvangers is **Gunsell & Messey**.

Geskenk aan die museum deur T. M. Coetzee.

Nas. Mus. Kat. No. 3049.

Waarde 2/6. Nommer van noot A/1 00/830. Spesiale nommer van uitreikingskantoor PO/1977/34.

Uitgereik te Bethlehem op 17 Februarie 1898 en handtekening vir posmeester **H. H. Ensor**. Uitbetaalbaar te George aan Ds. D. Rossouw. Uitbetaal te George op 15 Maart 1898 en handtekening van ontvanger **Ds. D. Rossouw**. Waarskynlik is hierdie bedrag aan Ds. Rossouw gestuur ter verkryging van ’n doopseël, ’n lidmaatskapsertifikaat of ’n trousertifikaat.

Aan die museum geskenk deur T. M. Coetzee.

Nas. Mus. Kat. No. 3050.

Waarde 5/-. Nommer van noot A/I 00983. Spesiale nommer van uitreikingskantoor PO/1977/34.

Uitgereik te Ladybrand op 7 Maart 1898 en handtekening vir posmeester **Wm. Dickson**. Uitbe-

taalbaar te "Cape Town" aan E. Davies. Uitbetaal te „Cape Town" op 19 Maart 1898 en handtekening van ontvanger **E. Davies**.

Geskenk aan die museum deur T. M. Coetzee.

Nas. Mus. Kat. No. 3051.

Waarde 7/6. Nommer van noot A/1 00005. Spesiale nommer van uitreikingskantoor PO/1977/34.

Uitgereik te Bloemfontein op 22 Februarie 1898 en handtekening vir posmeester **R. van Rooyen**. Uitbetaalbaar te Port Elizabeth aan „Mr. T. A. Brewster." Uitbetaal te Port Elizabeth op 6 Maart 1898 en handtekening van ontvanger **T. A. Brewster**.

Geskenk aan museum deur T. M. Coetzee.

Nas. Mus. Kat. No. 3052.

Waarde 15/-. Nommer van noot A/1 01151. Spesiale nommer van uitreikingskantoor PO/1977/34. Uitgereik te Bothaville op 25 Februarie 1899 en handtekening vir posmeester **C. M. Wath, Jr.** Uitbetaalbaar te Kroonstad, O.V.S. aan „Messrs. A. L. Thring & Co." Uitbetaal te Kroonstad op 3 Maart 1899 en handtekening van ontvanger **A. L. Thring & Co.**

Geskenk aan museum deur T. M. Coetzee.

Nas. Mus. Kat. No. 3053.

Waarde 17/6. Nommer van noot A/1 00565. Spesiale nommer van uitreikingskantoor PO/1977/34. Uitgereik te Bethlehem op 25 Maart 1899 en handtekening vir posmeester **Chas. R. Baster**. Uitbetaalbaar te Lindley aan W. D. Anderson. Uitbetaal te Lindley op 27 Maart 1899 en handtekening van ontvanger **W. D. Anderson**.

Geskenk aan museum deur T. M. Coetzee.

Opvallend van al bogenoemde uitgereikte posnote is die feit dat al die amptenare op die verskillende poskantore, wat vir die posmeester geteken het, Engelse name het, behalwe in die geval van noot nommer A/1 00005 wat op Bloemfontein uitgereik is en deur **R. van Rooyen** onderteken is.

Van genoemde note is dit duidelik dat die posdiens reeds gedurende 1898 en 1899 in 'n puik toestand was soos blyk uit die volgende: 'n Posnoot uitgereik te Bethlehem op 25 Maart is getrek te Lindley op 27 Maart. 'n Ander noot is uitgereik te Winburg op 3 Maart en uitbetaal in Kaapstad op 8 Maart. 'n Derde is uitgereik te Heilbron op 14 Maart en uitbetaal te Grahamstad op 18 Maart.

F. TWEE „POSTDIENST SCHEDULES."

Nas. Mus. Kat. No. G. 1105.

Gedruk op blou papier.

Bo: Schedule A. . . . Postdiens, Oranje Vrystaat.

Daaronder aan die linkersy is 6 regaf kolomme wat gekruis word deur 5 dwarskolomme. Regaf die volgende:

*Getal Vry; Betaald; Onbetaald; Terug Gezonden; Tenonregte ontvangen wedrr ge-
adresseerd; Dood of onafgehaald, naar het Generaal Post Kantoor gezonden.*

Dwars die volgende:

Dienst Brieven; Particuliere Brieven; Aangeteek: Brieven; Paketten; Couranten.

Aan die regtersy is ewe-eens regaf en dwars kolomme onder die woord „Bedragen." Daaronder links **Dr.** en regs **Cr.** waaronder in drie kolomme **£. s. d.** verskyn.

Onder al bogenoemde verskyn die volgende (die onderstreepte woorde is met ink ingevul):

*De bovengemelde Brieven, enz., zyn met de Post van Harrismith verzonden.
naar Bloemfontein ten 8 ure
des na middags, den 15 den Augustus 1857.*

GEO SCHMIDT,
Posmeester.

Aangekomen te Bloemfontein den 19 dag van Augustus 1857 ten 5 ure des na middags,

en de Brieven, Paketten, en Couranten boven vermeld, door my ontvangen met uitzondering als onder aangemerkt.

Aanmerkingen:

R. D. COLLINS,
Posmeester.

Op hierdie „Postdienst Schedule” is ingevul:

Particuliere Brieven, **Betaald: 6 van elders.**
Couranten, **Betaald: 16 van elders.**

Geskenk aan die museum deur Mnr. C. H. McNeil, posmeester te Escourt, in Oktober 1947.

Nas. Mus. Kat. No. G. 1106.

Die gedrukte vorm lyk presies op voorafgaande. Dit het egter gedien vir die terugreis vanaf Bloemfontein na Harrismith en is derhalwe as volg ingevul:

*De bovenvermelde Brieven, enz., zyn met de . . .
Post van Bloemfontein verzonden
naar Harrismith ten ure
des . . . middags, den 21 Augustus 1857.*

R. D. COLLINS,
Posmeester.

Aangekomen te Harrismith den 25 dag van Augustus 1857 ten 3 ure des na middags, en de Brieven, Paketten, en Couranten boven vermeld, door my ontvangen met uitzondering als onder aangemerkt.

GEO. SCHMIDT,
Postmstr.

Aanmerkingen:

Postmeester.

Op hierdie „Schedule” is ingevul:

Diens Brieven, **Getal vry: 1.**
Paketten, **Getal vry: 1.**
Couranten, **Betaald: 3.**

Geskenk aan museum deur Mnr. C. H. McNeil.

Opvallend in die gedrukte vorms is die drukfout **Wedrr** in stede van **Weder**.

Reeds in 1857 moes die poskoets betreklik vinnig beweeg het tussen die verskillende dorpe soos blyk uit die feit dat beide die heen en terug reise tussen Bloemfontein en Harrismith elk slegs 4 dae in beslag geneem het. Die afstand is, soos die pad vandag loop, 216 myl. Dit blyk verder dat die koets ook in die nag gereis het want op 15 Augustus 1857 het die koets vanaf Harrismith vertrek „ten 8 ure des na middags.”

G. TWEE VRYBILJETTE VAN DIE „ORANJE VRYSTAATSCHE SPOORWEGEN.”

Nas. Mus. Kat. No. 3336.

Kleur van papier ligrooi.

In die boonste linkerhoek — **Serie D.G.** en regs bo — **G.32.** Onmiddellik en onderskeidelik hieronder eiovormige omlynings. In die linkse ovaal is gedruk „**Vrybiljet No. 16. Tweede Klasse**” en reg bo die regse ovaal „**Datum Stempel van Kantoor van Afgifte.**”

Tussen die twee ovale verskyn die min of meer tipiese Vrystaatse wapen en half-sirkelvormig daarom „**Oranjevrystaatshe Gouvernements Spoorwegen.**”

Dan volg die volgende lyne:—

„Afgegeven aan

Van Naar

Op den en terug den.....

(N.B. Op Biljetten enkele reis „en terug op den” door te schrappen). Reden van afgifte

Verstrekt door

Biljetten voor enkele reis hebben ène dwarsstreep. Retour Biljetten hebben twee dwarsstrepen, de tweede wordt door den af — ever rood gelinieerd.

(Zie Ommezyde).”

Op die keersy verskyn dan die volgende:—

„Dit Biljet is strikt persoonlyk.

Door het aannemen en gebruik van dit Vrybiljet doet houder, tenzy hy in den dienst van het Oranjevrystaatsche Spoorweg Departement reist, afstand van alle aanspraken wegens schade, welke hy als reiziger teenover het Gouvernement zou kunnen gelden.

De reiziger is verplicht dit Biljet op aanvraag te vertoonen, en by het eind van de reis aan den Station Chef of Biljetgaarder af te geven.”

Dit is opvallend dat „Oranjevrystaatsche” op hierdie biljet as een woord verskyn en op die voorsy daarvan met „she” instede van „sche” eindig.

Die biljet is nooit uitgereik nie en is derhalwe met ’n dwars rooi streep gekanselleer.

Nas. Mus. Kat. No. 3337.

Kleur van papier donker oranje.

Die biljet stem in alle opsigte met voorafgaande ooreen behalwe:—

1. In die regter boonste hoek verskyn: **Model**
2. In die linker ovaal verskyn die nommer **106** en daaronder „Eerse Klasse.”
3. Die wapen is kleiner en heelwat verskillend van die wapen op voorafgaande biljet.
4. Op hierdie biljet verskyn die woorde bo die wapen as „**Oranje Vrystaatsche Spoorwegan**.” die woord „**Gouvernement**” is hier weggelaat en „**Vrystaatsche**” eindig met „sche.”

Nas. Mus. Kat. No. 3338.

Bagasie aanplakbiljet. Kleur van papier wit. In boonste regterhoek **T.2.**

Boonste lyn — „**Oranjevrystaatsche Gouvernements Spoorwegan**.”

Tweede Lyn — „*Passagiersgoed*.”

Derde lyn — „**Viljoen’s Drift**.”

In die jaar 1889 het die Kaapse Regering opdrag gegee dat die Middellandse spoorlyn vanaf Colesberg na die Oranje Rivier verleng moet word. Net die volgende jaar het die Kaapse Parlement oor verskillende uitbreidings besluit en onder andere moes die spoorlyn vanaf Norvalspont na Bloemfontein verleng word, na aanleiding van ’n Konvensie aangegaan op 11 Junie 1889 tussen die Kaapse Regering en die Republiek van die Oranje Vrystaat.

Die aanbou van hierdie spoorlyn deur die Vrystaat was die resultaat van die deursig van Sir James Sivewright wat gedurende daardie tyd Kommissaris van Openbare Werke was in Kaapland.

Die spoorlyn na Bloemfontein is in 1890 geopen sodat die Kaapse Spoorweë nou kon kompeteer vir die handel van die Witwatersrandse goudmyne.

Hierdie gebeurtenis was van groot belang vir Bloemfontein en dit is ook op ’n reuseskaal gevier. Honderde burgers het van alle oorde uit die Republiek gekom om te luister na President Reitz wat die spoorlyn op 17 Desember, 1890, formeel geopen het. ’n Groot eetmaal en dans het deel uitgemaak van die feesvierings en ’n pragtige meda; is geslaan ter herinnering van die groot gebeurtenis.

Gou het dit geblyk dat die Transvaal tot die wêreld se grootste goudmynveld ontwikkel en dus ’n reuse potensieële mark aanbied. In 1891 het die Kaapse Regering ’n tweede konvensie met die Vrystaat gesluit waardeur die spoorlyn tot by die Transvaalse grens, by Viljoensdrif, verleng is

Op 15 September, 1892, is die direkte verbinding tussen Elandsfontein (Germiston) en Kaapstad geopen.

In 1896 volg 'n verdere verdrag tussen die Regerings van Kaapland en die Oranje Vrystaat wat bepaal dat die Republiek daardie gedeelte van die spoorlyn, wat deur die Vrystaat loop, sal oorneem en onderhou. Vanaf 1 Januarie, 1897, het die Vrystaat in besit gekom van die „**Oranje-vrystaatsche Gouvernements Spoorwegen.**”

H. GOEDVORE OP KARTON GEDRUK EN UITGEREIK TUSSEN DIE JARE 1866 EN 1875.

Banke sowel as privaat firmas het die goedvore uitgereik.

1. Bloemfonteinse Bank.

Waarde 1/-. Nas. Mus. Kat. Nos. 77, 79, 80.

Uitgegee op 11 April 1870, 16 Februarie 1873, 1 Oktober 1873.

Hierdie goedvore is almal ewe groot en in elke opsig eenders behalwe hulle nommers en die datums van uitreiking. Hulle is op wit karton gedruk en $2\frac{1}{2} \times 2\frac{1}{2}$ duim groot. Almal verskyn in Engels en almal is onderteken deur Geo. A. White.

Onder mekaar die volgende woorde:—

BLOEMFONTEIN BANK

No.

GOOD FOR

*One 1 ^{S.}
Shilling.*

Payable in O.F.S. currency.

Bloemfontein 16th Feb. 1873.

*Geo. A. White,
Cashier.*

Aan die museum geskenk deur Mev. A. Vlotman in 1922.

Waarde 1/6. Nas. Mus. Kat. Nos. 81 en 82.

Albei ook geskenk deur Mev. A. Vlotman. Uitgegee 1 Oktober 1873 en 9 Desember 1874. In alle opsigte gelyk aan voorafgaande behalwe waarde en datums van uitreiking.

Waarde 2/6. Nas. Mus. Kat. No. 83.

Uitgegee op 5 Mei 1871 en behalwe vir die waarde lyk hierdie stuk presies op voorafgaandes.

Waarde 5/-. Nas. Mus. Kat. No. 84.

Uitgegee op 15 November 1869.

Waarde 10/-. Nas. Mus. Kat. No. 85.

Uitgegee op 20 Augustus 1874. Kleur van papier blou.

Al bogenoemde goedvore is onderteken deur **Geo. A. White.**

2. Bloemfontein Tak van die Fauresmith Bank.

Die museum besit een elk van die volgende waardes: **1/-; 1/6; 2/6; 5/- en 10/-** wat almal uitgereik is op 1 Maart, 1875.

Almal is gedruk op wit karton behalwe die een van 10/- wat van blou karton is. Die handtekening van die bestuurder is **Walter J. Gates.** Die grootte van die goedvore is $2\frac{1}{2} \times 2$ duim. Onder mekaar die volgende woorde:—

BLOEMFONTEIN BRANCH OF FAURESMITH BANK.

No.....

GOOD FOR

Two s and
Shillings 2/6 Sixpence.

Payable in O.F.S. Currency.

Bloemfontein

1st Mch/75

*Walter J. Gates.
Manager.*

3. Goedvore van die volgende firmas in Bloemfontein.

John Hassett, Jun.

Een van 3 pennies en een van 6 pennies. Albei sonder enige datum van uitreiking. Kleur — Wit karton. Grootte $1\frac{3}{4}$ x $1\frac{1}{2}$ duim.

Taal: Engels.

Robert Palmer.

Twee van 6 pennies. Een uitgereik op 3 Oktober, 1874. Die tweede is sodanig afgeslyt dat die datum nie meer leesbaar is nie. Wit karton. Grootte $1\frac{3}{4}$ x $1\frac{1}{2}$ duim.

Twee van 2/6. Een uitgereik op 3 Oktober 1874, en die ander op 1 Mei 1874. Wit karton. Groottes $2\frac{1}{4}$ x $1\frac{1}{2}$ duim en $2\frac{1}{2}$ duim x $2\frac{1}{4}$ duim.

Een van 5/-. Uitgereik 1 Mei 1874. Ligpers karton. Grootte $2\frac{2}{5}$ x 2 duim.

Al Robert Palmer se goedvore is in Engels en sy handtekening verskyn op almal behalwe een.

G. W. Austin, Market Square.

Een van 6 pennies, uitgereik April 1871. Ligpers karton. Grootte $1\frac{3}{4}$ x $1\frac{1}{2}$ duim.

Taal: Engels.

C. C. Mathew.

Een van 3 pennies, uitgereik 7/5/1873. Ligpers karton. Grootte $1\frac{5}{8}$ x $1\frac{5}{8}$ duim. Taal: Engels.

N. Ries.

Twee van 3 pennies, uitgereik op 24/9/1874 en Maart 1875.

Vier van 6 pennies, uitgereik op 17 Oktober 1874 en Maart 1875.

Een van 1/- uitgereik Maart 1875.

Een van 1/6, uitgereik 17 Oktober 1874.

Twee van 2/6, uitgereik 17 Oktober 1874 en Maart 1875.

Twee van 5/-, uitgereik 17 Oktober 1874 en Maart 1875. Wit, ligpers en rooi karton. Daar is drie groottes, $1\frac{3}{4}$ x $1\frac{1}{2}$; $2\frac{1}{2}$ x $1\frac{3}{4}$ en $2\frac{1}{2}$ x $1\frac{5}{8}$ duim. Taal: Engels.

G. A. Fichardt.

Een van 5/-, uitgereik 21 April 1874. Wit karton. Grootte $2\frac{3}{8}$ x $1\frac{3}{4}$ duim. Taal: Engels.

4. Goedvore van Firmas in ander dorpe:—

E. Fichardt, Bethany.

Een van 6 pennies uitgereik 1 Oktober 1874. Wit karton. Grootte $1\frac{3}{4}$ x $1\frac{3}{4}$ duim. Taal: Engels.



TEKFIGUUR 3. 'n Paar voorbeelde van goedvure uitgereik in die Vrystaat. Ware grootte.

C. M. Cugin, Modderrivier.

Twee van 1/-, uitgereik 24 Julie 1874. Wit karton. Grootte $2\frac{1}{4}$ x $1\frac{3}{4}$ duim. Taal: Engels.

A. van Soelen, Edenburg.

Een van 1/-, uitgereik 22 Februarie 1866. Wit karton. Grootte $2\frac{3}{4}$ x $1\frac{3}{8}$ duim. Taal: Engels.

H. Wallace, Rouxville.

Een van 1/6. Datum onduidelik. Wit karton. Grootte $2\frac{3}{8}$ x $1\frac{1}{4}$ duim. Taal: Engels.

Louis Neumeyer, Boshof.

Een van 1/-, uitgereik 11 Januarie 1869. Wit karton. Grootte $2\frac{1}{4}$ x $1\frac{1}{4}$ duim. Taal: Engels.

I. Sonnenberg, Jacobsdal.

Een van 5/-, uitgereik Februarie 1870. Wit karton. Grootte $2\frac{1}{2}$ x $1\frac{3}{4}$ duim. Taal: Engels.

J. W. Markus, Winburg.

Een van 6 pennies, uitgereik 7 Mei 1875. Rooi karton. Grootte $1\frac{3}{4}$ x $1\frac{1}{4}$ duim. Taal: Engels.

5. Goedvore uitgegee op ander dorpe maar waarop die handtekening nie duidelik is nie.

Boshof — 6 pennies, 1870.

Harrismith — 2/6, 1870.

Smithfield — 2 van 6 pennies, 1867.

Bethulie — 2/6, 1868.

Winburg — 6 pennies, datum onduidelik.

Ladybrand — een van 6 pennies en drie van 1/-, almal 1873.

Waterfall — 1/6, 1874.

Fauresmith — 1/- 1867

Philippolis — Drie van 6 pennies, 1869 en 1870.

Rouxville — 6 pennies, 1871.

Almal in Engels.

6. Die volgende paar goedvore het in Nederlands verskyn:—

Groenfontein — 1/-, 1 Julie 1868. Erg beskadig, selfs handtekening van uitreiker is nie meer sigbaar nie.

Groenfontein — 1/-, 1 Julie 1868.

Goed Voor

Een 1/- Shilling.

Betaalbaar te myne kantoor op Groenfontein op

.....10 dezer.

Groenfontein 1 July 1868.

(Die handtekening is nie meer leesbaar nie.)

Edenburg — 6 pennies, 31 Mei 1866.

Goed Voor

Zes 6d. Pence

Betaalbaar op aanvraag, tegen viertig voor

EEN POND STERLING.

Edenburg: 31 Mei, 1866.

(Die handtekening is waarskynlik J. Bedds).

7. Die volgende is stelle ongebruikte goedvore:—

Winburg, 1871. 'n Stel van 1/- en 1/6 aanmekaar.

Boshof, 1 July, 1868. 'n Stel van vier goedvore van 5/- elk aanmekaar, en een goedvoor van 10/-. Die kleure is ligrooi en blou onderskeidelik. Taal Engels.

I. GOEDVORE VAN BAKELIET EN VAN METAAL.

Op geen enkele van hierdie goedvore is 'n datum om aan te dui wanneer die firma bestaan het nie.

Nas. Mus. Kat. No. 3303.

'n Stel van ses gemaak van bakeliet, almal rond en ewe groot, maar verskillend van kleur. Deursnit 1 1/10 duim.

Waardes:—

Een pennie, kleur donkerbruin.

Drie pennies, kleur byna swart.
 Ses pennies, kleur donkerbruin.
 Een Sjieling, kleur donkerbruin.
 Twee sjielings, kleur donkergroen.
 Twee sjielings en ses pennies, kleur bruin.

Uitgereik deur die firma D.A.H., Winburg. Agterkant blank.

Nas. Mus. Kat. No. 3315.

Waarde: Een pennie. Rond, 1 duim in deursnit en gemaak van aluminium. Op gesigsy 1d. Op keersy: W. J. W. v. Jaarsveldt, Lindley.

Nas. Mus. Kat. No. 3331.

Volledige stel van goedvore vanaf $\frac{1}{2}$ d. tot 2/-. Almal rond en gemaak van geel koper. Deursnit 1 duim. Op die voorsy verskyn die waarde en die woorde: „*Sonop Beperk. Produkte Kopers.*” Die keersy is blank.

Hierdie goedvore was tot onlangs in gebruik by Sonop Beperk te Senekal.

Nas. Mus. Kat. Nos. 2477—79.

Waarde: 6d.; 2/- en 2/6. Gemaak van geel koper. Deursnitte $\frac{3}{4}$, 1 $\frac{1}{10}$ en 1 $\frac{3}{10}$ duim onderskeidelik.

Behalwe vir die waardes is die bewoording op die drie stukke presies dieselfde.

Voorsy: „*Goed Voor. Daniel & Hyman.*”

Keersy: In die middel — die Vrystaatse wapen wat rus op twee gekruiste vlae. Links van die wapen **18** en regs **67**. Bo die wapen *Bloemfontein*, en onder die wapen *Oranje Vry Staat*.

Hierdie is die enigste goedvore van metaal waarop die Vrystaatse wapen verskyn en die rand is gerib presies soos by 'n muntstuk.

Nas. Mus. Kat. No. 3301.

Volledige stel van 1d.; 3d.; 1/-; 2/-; 2/6; 10/- en £1. Laasgenoemde twee stukke is gemaak van aluminium. Dei res is van geel koper.

Op die voorsy verskyn behalwe die waarde: *H. & P. L. D. Net om voor te koop.*

Daar is geen aanduiding in welke dorp hierdie firma bestaan het nie, maar ons vermoede is dat dit wel in die Vrystaat was.

Nas. Mus. Kat. No. 3302.

Deur dieselfde firma uitgegee as voorafgaande. Volledige stel vanaf 1 pennie tot 10/-. Gemaak van bakeliet. Almal verskillend van kleur en grcotte.

Op voorsy: *H. & P. L. D. Net om voor te koop.*

Keersy: Blank.

Nas. Mus. Kat. No. 3291 — 3293.

Stel van 3d. (geel bakeliet), 6d. (rooi bakeliet); en 1/- (blou bakeliet). Deursnit $\frac{3}{4}$ duim.

Op die voorsy net die waarde. Op keersy:

C
 B. A.
 C

Op hierdie stel is daar ook geen aanduiding waar en wanneer die firma bestaan het nie. Vermoedelik in die Vrystaat.

Nas. Mus. Kat. Nos. 3310—3312.

Hierdie is 'n besonder interessante stel goedvore en was waarskynlik uitgereik aan werksvolk. Dit is 'n stel van drie gemaak van geel koper. Deursnitte $\frac{7}{10}$, $\frac{9}{10}$ en 1 $\frac{1}{10}$ duim. Op die voorsy verskyn van die kleinste stuk tot die grootste:—

<i>A.R.</i> $\frac{1}{4}$ <i>DAG</i> ; <i>M.</i>	<i>A.R.</i> $\frac{1}{2}$ <i>DAG</i> ; <i>M.</i>	<i>A.R.</i> 1 <i>DAG</i> <i>M.</i>
--	--	--

Die keersy is blank.

Hoewel daar geen definitiewe aanduiding is nie, vermoed ons dat die goedvure ook in die Vrystaat uitgegee is.

J. MUNTMODELLE VAN PENNIES GEMAAK VIR DIE VRYSTAAT.

Nas. Mus. Kat. No. 3086 en 3089.

Volgens twee muntmodelle in ons besit het die Vrystaatse Regering blykbaar in 1888 besluit om pennie-geldstukke te laat slaan. Die twee muntmodelle in die Nasionale Museum is in 1888 in Duitsland geslaan deur die firma L. Chr. Lauer van Nürnberg.

Deur die Unie se Saakgelastigde, H. M. Stoker, is die nodige informasie in 1936 van Frau Hedwig Masche verkry, en deur haar hulp is die twee muntmodelle tesame met die wapenstempel van een van die twee stukke eindelik aan die Nasionale Museum geskenk.

Frau Masche is 'n dogter van die nie meer bestaande firma Otto Nolte & Kie. van Berlyn, met wie die Vrystaatse Regering blykbaar destyds onderhandel het oor die slaan van munte.

Om vas te stel of van hierdie muntmodelle deur die Vrystaatse Regering goed- of afgekeur is en waarom die onderhandelinge met die firma Otto Nolte & Kie. afgebreek is, is natuurlik die werk van 'n historikus. Ons gee hier net 'n beskrywing van die stukke.

Die twee pennies stem in elke opsig met mekaar ooreen behalwe dat die een van geel koper en die ander van rooi koper gemaak is, en die twee wapens is heeltemal verskillend. Op die een is die wapen selfs heeltemal verkeerd, want in die skild verskyn 'n eienaardig gevormde boom. Aan die boom se takke hang twee kruidhorings en die diere weerskante van die boomstam is heeltemal wegelaat.

Voorsy: Die wapen is omring deur twee lorierkranse. Onder die wapen die woorde *Geduld en Moed* en daaronder die datum 1 8 8 8. Sirkelvormig bo om die wapen die woorde *Oranje Vrystaat*.

Keersy: In die middel in groot letters *I PENNY*. Rondom hierdie letters twee lorierkranse. Sover ons kan vasstel is hierdie die enigste twee modelle van die Vrystaatse pennie.

SUMMARY IN ENGLISH.

In the present paper we have described the following very rare specimens in the collection of the National Museum:—

A. PAPER MONEY — STATE NOTES ISSUED BY THE ORANGE FREE STATE.

Four one-pound notes and one five-pound note. All State property served as security for these notes.

A very interesting feature of these notes, which were issued in the years 1865, 1866 and 1868, is to be found in differences of the Free State Coat of Arms printed on them.

B. NOTES ISSUED BY THE BLOEMFONTEIN BANK IN 1874.

Three banknotes with denominations £1, £5 and £10.

The following well-known personalities signed these notes as directors: *M. Steyn, Geo. Home, James Goodale, Geo. Palmer, Alfred Barlow and I. Baumann*. As Cashier has signed *Geo. A. White*. All these people played a very big part in the economic development of the Orange Free State.

C. ONE NOTE ISSUED by „DE NATIONALE BANK” IN 1886.

On this £1 banknote *G. A. Fichardt* and *W. D. Pinder* signed as directors.

D. A UNIQUE CHEQUE PRESENTED TO PRESIDENT BRAND IN 1884.

As a token of appreciation for services rendered to the State the Government presented to President J. H. Brand a cheque for £2500. The cheque was printed on white silk and at the back thereof is the signature of the President who personally endorsed it.

E. „POST NOOTEN” — POSTAL ORDERS OF THE ORANGE FREE STATE.

Twenty-two postal orders are described, all of them issued in the years 1898 and 1899 just prior to the Anglo-Boer War.

Even in those early days an excellent postal system must have existed in the Free State and in the Cape Province. A postal order issued at Bethlehem on 25th March was drawn at Lindley two days later on the 27th March. Another issued at Winburg on 3rd March was drawn at Cape Town on the 8th of the same month. A third was issued at Heilbron on 14th March and drawn at Grahamstown on the 18th March.

F. TWO POSTAL SERVICE SCHEDULES.

These schedules were issued to the driver of the post cart (Poskoets) and they had to be delivered to the postmaster at the other end of the journey.

One was issued by the postmaster of Harrismith on 15th August, 1857, and received by the postmaster at Bloemfontein on the 19th of the same month. The other was issued at Bloemfontein on the 21st August, 1857, and arrived at Harrismith on the 25th of the same month.

This means that the post cart did the return journey between Harrismith and Bloemfontein, a total distance of about 400 miles, within 8 days, which is very good going considering the state of the roads in those days.

G. TWO FREE TICKETS (VRYBILJETTEN) OF THE ORANGE FREE STATE.

These two forms are unused. They were probably meant only for State officials.

H. GOOD FORS ISSUED BETWEEN 1866 AND 1875.

The National Museum possesses a very large and interesting collection of Good Fors issued by Banks, Municipalities and private firms in many towns of the Free State.

I. GOOD FORS MADE FROM BACELITE AND FROM METAL.

The museum possesses a number of complete sets of these Good Fors issued by private firms in Bloemfontein, Winburg, Lindley and Senekal. The Senekal specimens were issued very recently by Sonop Beperk.

J. MODELS OF FREE STATE PENNIES.

Although it is known that the Orange Free State never had coin money in circulation, the Volksraad must have decided in the year 1888 to issue pennies.

In 1936 this museum obtained from a firm in Germany two models of Free State pennies struck in 1888. These are now described for the first time, and they are probably the only specimens that exist.